NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 27 OKTOBER 2005

1. OPENING

1.1 Die voorsitter, ds EGJ de G Schutte, lei die opening.

1.2 Ds Schutte lees voor uit Joh 13:34-35

1.3 " Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê." Ds Schutte sê dat ons almal in die skool van die Liefde is, maar dat ons maar sukkel in dié skool. Ons kry nie maklik 'n A nie. Verder is dit ook nog 'n verpligte vak wat ons nie kan los nie, al wil ons ook soms. Hierdie vak word slegs op hoërgraad aangebied en jy kan nie afgaan na standaardgraad nie.

1.4 Die kerk is die Here se "skool". Hy is die hoof en Hy waak jaloers oor die standaard wat gehandhaaf word. Genadiglik gee Hy vir ons die moontlikheid om hierdie vak van die liefde te slaag, selfs nog lank voor ons in graad R inskryf. Hierdie moontlikheid het Hy lank gelede aan die kruis bewerk.

1.5 Ons moet hierdie gawe van die liefde inoefen by die Here se skool. Ons kan gerus onthou dat een van die beste maniere om die liefde in te oefen, juis daarin lê dat ons aandag moet gee aan die klein dingetjies, soos om jou buurman te groet of om jou vrou 'n drukkie te gee. Hierdie vak word geslaag deur treetjie vir treetjie te gee, amper nes bergklim.

1.6 Ds Schutte gaan voor in gebed.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagdestuur van die SK

Ds EGJ de G Schutte-Voorsitter

Ds ACV van Wyk- Onder-voorsitter

Dr S du Toit- Aktuarius

Ds DW Mouton- Skriba

Ds AC van der Westhuizen

Ds M van Niekerk

Ds CH van Heerden- DL Finansies

2.2 Adviserend

Dr J Viljoen- Direkteur Administrasie

2.3 Netwerkbestuurders op uitnodiging

Barmhartigheid- Dr A Oliphant
BNet en Liturgie- Ds BIC Steyn
Familie- Ds E Malan
Getuienis- Ds JH van Niekerk
Jeug- Ds WP Petzer
Navorsing- Prof PJ Naudé- Verskoning
Predikante- Dr JD Prinsloo
Vroue- Mev L Steyn

2.4 Netwerk vir Liturgie

2.4.1 Op voorstel van ds MF Steyn, word ds R Swanepoel aanvaar as die nuwe netwerkbestuurder vir Liturgie. Die voorsitter heet hom hartlik welkom.

2.5 Hulp vir die skriba

Ds EH Ferreira

2.6 Reiskostevorms

Die DA hanteer die reiskostevorms en versoek dat die lede ook hul bankbesonderhede daarop aanbring sodat die geld elektronies inbetaal kan word.

3. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

3.1 Die volgende nuwe sake en bylae word op die sakelys geplaas:

Bylaag Z by pt 5.1.1
Bylaag W en W.1 by pt 5.2.1
Bylaag T en Y by pt 5.2.2
5.1.4 Sinodale werkswinkel
6.1 Netwerk vir Liturgie
8.3 Notule UK Konvent (Bylaag X)
9.1 VSA toer
10.1 Datums van KMS opleiding van mobiliseerders.
17.2 Skrywe Sinodale kollektes.
17.3 Begroting vrouelidmate.
18.3 Vrae tov pensioenfonds (Bylaag R)
18.4 Ringsprojekte 2006/2007 (Bylaag S.1 en S.2)
19.10 Skrywe dr WSH Durandt (Bylaag U)
19.11 Klag dr PW Durandt (Bylaag V)
19.12 Skrywe TIW (Bylaag AA)

4. GOEDKEURING VAN DIE NOTULES

4.1 SK-Dagbestuur 2005-05-19 Bylaag A

4.1.1 Besluit: Goedgekeur.

4.2 SK 2005-07-28 Bylaag B

4.2.1 Besluit: Goedgekeur.

4.3 Vir kennisname: Notule van die Buitengewone Sinode Bylaag C

4.3.1 Kennis geneem.

5. SAKE UIT DIE NOTULES

5.1 SK Dagbest 2005-05-19 Bylaag A

5.1.1 Uitkoop van tyd (pte 5.3.2, 5.3.3, 5.3.4)

5.1.1.1 Besluit: Ds CH van Heerden hanteer die verslag en na uitgebreide gesprek-voering word daar besluit om in sy geheel kennis te neem van die verslag en dit terug te verwys na die ad-hoc kommissie. Die kommissie moet met al die betrokkenes gesprek voer in die lig van die NGK in die Oos-Kaap se roeping en dan 'n verdere verslag opstel vir voorlegging aan die SK by die vergadering van 24 -11-2005.

5.1.2 Lux Verbi: Lisensie vir Liedboek (pt 5.3.7)

5.1.2.1 Die saak staan oor.

5.1.3 Sinodale kredietkaart (pt 18.6)

5.1.3.1 Besluit: Nadat die DA die vergadering daarop wys dat so 'n kaart te veel administrasie verg en dat daar ook 'n gebrek aan veiligheid is, word daar besluit om nie 'n sinodale kredietkaart te implimenteer nie.

5.1.4 Sinodale werkswinkel (pt 6.2)

5.1.4.1 Daar word kennis geneem dat die datum vir die werkswinkel verander na 6- 9 Maart 2006.

5.2 SK 2005-07-08 Bylaag B

5.2.1 Badisa en Oos- Kaapse Barmhartigheidsdienste (pt 10.4)

5.2.1.1 Ds DW Mouton hanteer Bylae W en W.1 met die vergadering. Daar word kennis geneem van beide. Na bespreking word die volgende besluite geneem:

5.2.1.2 Beide die skrywes (Bylaag W en W.1) word na die ad-hoc kommissie, bestaande uit drr A Oliphant, J Viljoen en ds D Oelofse, verwys vir verdere handeling.

5.2.1.3 Daar word kennis geneem van die voorgestelde barmhartigheidsondag op 27 Augustus 2006 en gemeentes word aangemoedig om dit te ondersteun as dit moontlik is.

5.2.1.4 Gemeentes kan die geld wat hulle insamel aan die barmhartigheidsaak van hulle keuse skenk, soos bv aan die CMR.

5.2.2 Evaluering van Buitengewone Sinode deur die ontwerpspan (pt 11.1)

5.2.2.1 Die vergadering neem kennis van Bylaag T (Evaluering van Buitengewone Sinode).

5.2.2.2 Ds Barnard Steyn hanteer Bylaag Y(Verslag van die Ontwerpspan 2005). Oor die algemeen was die kommentaar meer positief as negatief. Na bespreking word die volg besluite geneem:

5.2.2.3 Besluit: Die verslag word met dank goedgekeur.

5.2.2.4 Besluit: Die ontwerpspan kry opdrag om 'n Bosberaad te beplan vir 11- 13 April 2006. Die ontwerpspan word saamgestel uit die Moderatuur, ds Barnard Steyn en persone deur hom daarop gekoöpteer. Daar moet by die SK se vergadering van 24 November 2005 terugvoer gegee word.

5.2.3 Mediaverklaring (pt 11.2) Bylaag D

5.2.3.1 Daar word kennis geneem van Bylaag D.

5.2.4 R10 projek (pt 11.4)

5.2.4.1 Die vergadering neem kennis dat die opdrag uitgevoer is.

5.2.5 Ondersoek: Kleiner plattelandse gemeentes (pt 11.6)

5.2.5.1 Die saak staan oor.

5.3 Buitengewone Sinode Bylaag C

5.3.1 Daar is geen verdere sake uit die notule nie en die vergadering neem daarvan kennis.

6. BEGELEIDINGSNETWERK

6.1 Netwerk vir Liturgie

6.1.1 Daar word kennis geneem dat die saak reeds afgehandel is by pt 2.4.

7. BARMHARTIGHEID

7.1 Daar word geen sake hanteer nie.

8. EKUMENE

8.1 UK Konvent vir Eenheid Bylaag E

8.1.1 Dr Chris van Wyk hanteer die notule UK. Daar word kennis geneem daarvan.

8.2 Begroting UK Konvent 2006- 2007

Bylaag F

8.2.1 Die vergadering neem ook hiervan kennis.

8.2.2 Vanuit die verslag oor die UK se begroting word voorgestel dat die Sinode van Oos-Kaapland R 50 000 bydra asook 'n verdere R 25 000 as deel van die VGK se aandeel tot die onkoste, aangesien die saak van kerkhereniging so belangrik is op hierdie stadium.

8.2.3 Besluit: Daar word besluit om by die opstel van ons begroting by pt 18.2.3 hieroor 'n besluit te neem.

8.2.4 Besluit: Daar word besluit om 'n versoek te ondersteun om kerkherenigingsgeprekke op grondvlak te voer met die oog op verhoudingsbou.

8.3 Notule UK Konvent Bylaag X

8.3.1 Daar word kennis geneem van Bylaag X.

9. FAMILIE

9.1 VSA toer

9.1.1 Ds Barnard Steyn beveel aan dat hulle ds E Malan se onkoste met R 7000 kan subsideer. Die DA rapporteer dat hierdie R 7000 reeds oorbetaal is uit die Jeugfonds.

9.1.1.1 Besluit: Goedgekeur.

10. GETUIENIS

10.1 Datums van KMS opleiding van mobiliseerders

10.1.1 Die vergadering neem kennis van die volgende datums waarop opleiding sal geskied in 2006 te Cradock:

13- 15 Februarie

24- 26 April

14- 16 Augustus

11. JEUG

11.1 Geen sake.

12. KOMMUNIKASIE

12.1 Geen sake.

13. LITURGIE

13.1 Geen sake.

14. MODERATUUR

14.1 Geen sake.

15. NAVORSING

15.1 Geen sake.

16. PREDIKANTE- BEGELEIDING

16.1 Geen sake.

17.VROUELIDMATE

17.1 Byeenkoms Taakgroep Vroue

17.1.1 Mev L Steyn lig die vergadering in oor 'n beplanningsvergadering wat gehou is op 13-10-2005. Daar word 'n byeenkoms vir predikantsvroue beplan in 2006. Die besonderhede sal later beskikbaar wees.

17.2 Skrywe Sinodale kollektes

17.2.1 Daar is 'n versoek gerig dat die Sinodale kollektes wat vir Vrouebediening opgeneem is, beskikbaar moet wees vir die sake woorvoor daar onder Vrouelidmate begroot word. Die DA bevestig dat dit wel die geval is.

17.3 Begroting Vrouelidmate

17.3.1 Mev L Steyn lewer 'n begroting in vir Vrouelidmate. Dit word hanteer by pt 18.2.3 (Sinodale Begroting).

18. FINANSIES EN ADMINISTRASIE

18.1 Rekonsiliasie Sinode 2005 Bylaag G

18.1.1 Die DA, dr Viljoen, doen verslag oor die inkomstes en uitgawes van die Buitengewone Sinode 2005. Hy bring dit onder die vergadering se aandag dat daar teen Oktober nog R 50 000 van gemeentebydraes agterstallig was. Pogings word aangewend om die geld in te vorder. Sommige gemeentes het dit egter nie.

18.1.2 Besluit: Die vergadering keur die aanbevelings goed by pte 1.4.1 en 1.4.2 van die verslag.

18.2 Besluite Buitengewone Sinode tov die bestuur van sinodale fondse Bylaag H

18.2.1 Die DA hanteer die verslag.

18.2.2 Besluite:

18.2.2.1 pt 1- Kennis geneem

18.2.2.2 pte 1.1 en 2- Goedgekeur

18.2.2.3 pte 2.1 en 2.2- Kennis geneem

18.2.2.4 pt 2.3 – Goedgekeur

18.2.2.5 pt 3 word aangevul en lui soos volg:

Die Sinode besluit dat sinodale kollektes vir ringsprojekte ge-oormerk word vir daardie bepaalde diensterrein, behalwe dié vir jeugverwante sake wat vir skoolverlaters-kampe bedoel is. Goedgekeur

18.2.2.6 pt 3.1- Goedgekeur

18.2.2.7 pt 3.2- Kennis geneem

18.2.2.8 pt 3.2.1- Goedgekeur

18.2.2.9 pte 4 tot 4.3- Kennis geneem

18.2.2.10 pte 4.4.1 tot 4.4.4- Goedgekeur

18.2.2.11 pt 4.5- Kennis geneem

18.2.2.12 pt 4.5.1.1- Goedgekeur

18.2.2.13 pte 5 tot 5.2- Kennis geneem

18.2.2.14 pt 5.2.1- Goedgekeur

18.2.2.15 pte 5.3 en 5.4- Kennis geneem

18.2.2.16 pt 5.5- Goedgekeur

18.3 Beleggingsgroei – IFG Bylaag H.1

18.3.1 Die DA verduidelik die skrywe van IFG Africa tov Beleggingsgroei en Begrotingstrategie en die vergadering neem daarvan kennis.

18.3.2 Portefeulje Sept 2005 / Beleggingskedule- 30 Sept 2005 Bylaag H.2

18.3.2.1 Daar word kennis geneem van Bylaag H.2.

18.4 Sinodale Begroting 2006/ 2007 Bylaag H.3

18.4.1 Die DA lei die vergadering in die opstel van die Sinodale Begroting. Die Sin begroting sal as 'n bylaag ingebind word by die sakelys vir die SK vergadering van 24 November 2005, waar dit goedgekeur moet word.

18.5 Vrae tov Pensioenfonds

18.5.1 Daar word kennis geneem van Bylaag R, waarin daar antwoorde gegee word op die vrae wat die Emeriti-forum tov die pensioenfonds ingedien het.

18.5.1.1 Besluit: Die DA sal die inhoud van hierdie skrywe(Bylaag R) aan die Emeriti-forum kommunikeer.

18.6 Ringsprojekte 2006 / 2007 Bylaag S.1 en S.2

18.6.1 Ds Barnard Steyn doen verslag oor die beplande Ringsprojekte vir 2006 /2007. Die DA lig die vergadering in dat al die aansoeke nog steeds nie betyds ingedien is nie en versoek die Ringe se samewerking in dié verband. Die voorgestelde toekenning van fondse sal as 'n Bylaag tot die notule in die sakelys vir die SK vergadering ingebind word.

18.6.2 Ad Hoc besluit- Ring van Humansdorp: Laat projekte wat goedgekeur word is as volg: Skrifgesag – R 5000, Ervaringsleer – R 6500 en Salaris vir Evangelis – R 30 000. Die salarishulp is slegs vir een jaar en dit moet lei tot die vestiging van 'n multikulturele bediening onder toesig van die Ring.

18.6.3 Besluit: Die Ring van Oos-Londen se werkskeppingsprojekte se voorgestelde koste van R 123 760 is te veel. Die Netwerkbestuurder vir Barmhartigheid moet die saak ondersoek en die SK vergadering met 'n voorstel bedien oor hoe die beskikbare fondse wat oor is,(R 55 000) vir hierdie twee projekte aangewend kan word.

19. KORRESPONDENSIE

19.1 Kommentaar op Buitengewone Sinode 2005 deur Ring van Oos-Londen Bylaag I

19.1.1 Besluit: Verwys na Moderatuur

19.2 Skrywe oor Buitengewone Sinode: R van der Mescht Bylaag J

19.2.1 Besluit: Verwys na Moderatuur

19.3 Skrywe oor Buitengewone Sinode: Lucien Theron Bylaag K

19.3.1 Besluit: Verwys na Moderatuur

19.4 Skrywe: Ringe van Burgersdorp en Dordrecht Bylaag L

19.4.1 Besluit: Verwys na die DA en DL Finansies, ds CH van Heerden.

19.5 Proporsionele afvaardiging na die Algemene Sinode Bylaag M

19.5.1 Kennis geneem

19.6 NGK en Wet op Toegang tot Inligting

Bylaag N

19.6.1 Kennis geneem

19.7 Lekkeroord Bydrae tot Saalboufonds: S Swart Bylaag O

19.7.1 Besluit: Neem kennis – nie

toegestaan nie.

19.8 Reëlings rondom Luisterseisoen: R van Niekerk Bylaag P

19.8.1 Besluit: Goedgekeur dat die Seisoen van Luister deel uitmaak van B-Net.

19.9 Versoening, Skikking en Herstel van Lidmaatskap: WSH du Randt Bylaag Q

19.9.1 Kennis geneem

19.9.1 Verklaring NGK Adelaide Bylaag Q.1

19.9.1.1 Kennis geneem

19.9.2 Skrywe: Proses van Versoening: WSH du Randt Bylaag Q.2

19.9.2.1 Kennis geneem

19.9.3 Konsepverklaring: Versoening Bylaag Q.3

19.9.3.1 Kennis geneem

19.9.4 Skrywe aan WSH du Randt: Skriba Bylaag Q.4

19.9.4.1 Kennis geneem

19.9.5 Skrywe aan Skriba: WSH duRandt Bylaag Q.5

19.9.5.1 Kennis geneem

19.10 Skywe dr WSH du Randt Bylaag U

19.10.1 Neem kennis dat appelsaak sy loop neem.

19.11 Klag dr PW du Randt Bylaag V

19.11.1 Besluit: Die Skriba moet die stuk terugstuur na die sender met verwysing na art 62 van die Kerkorde.

19.12 Skrywe : Toerustingsburo Interkulturele Werkers Bylaag AA

19.12.1 Besluit: Neem kennis daarvan en versoek hulle om 'n brief te skryf aan Kerkrade om te vra vir 'n deurkollekte.

20. ANDER SAKE

20.1 Jaarbeplanning

20.1.1 Besluit: Die Moderatuur sal dit hanteer en verslag doen aan die SK.

21. VOLGENDE VERGADERING

21.1 Besluit: Die volle SK vergader op 24 November 2005 om 10:00 .

22. AFSLUITING

22.1 Die vergadering word met gebed afgesluit.

Goedgekeur en onderteken te Port Elizabeth op die SK-Dagbestuursvergadering van 9 Februarie 2006:

Voorsitter: Ds EGJ de G Schutte

Skriba: Ds DW Mouton

Ander lede van die Kommissie: